



Junie, Julie & Augustus 2022

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Liewe Lidmaat,

Ons het 'n baie spesiale en geseënde Paastyd gehad en nou lê Pinkster en ons Pinksterbidure voor. Pinkster is een van die NG Kerk se unieke en uitstaande kenmerke. Geen ander Afrikaanse kerke hou pinksterdienste of pinksterbidure nie.



In 1861 in Paarl het die eerste pinksterbidure ontstaan en plaasgevind. Op soek na herlewing in gemeentes, is daar besluit dat lidmate vanaf Hemelvaart tot met Pinkstersondag, aktief om herlewing sou bid. Die gevolg was 'n herlewing wat vanaf 1862 gaandeweg na al die ander gemeentes van die NG Kerk oorgespoel het.

Deur die geskiedenis het hierdie gebruik van Pinkster en gebed tot nuwe lewe in honderde gemeentes en in die lewe van duisende lidmate gelei. Waar ons aan die begin van 'n nuwe hoofstuk in ons gemeente staan, het ons as leiers ervaar hoe die Here ook vir ons wys: Terug na Pinkster! In 1861 was dit 'n nuwe begin vir baie gemeentes. 160 Jaar later is dit meer as ooit tyd vir 'n nuwe begin, ook in ons eie gemeente. Ons smag

JAARTEMA: Wag op die Here

na herlewing, groei en opbou in ons gemeente. Ons wil graag hê dat elke lidmaat in hierdie volgende paar weke 'n egte ontmoeting met die Lewende Here sal hê en dat ons elke een die werking van die Heilige Gees op 'n nuwe manier sal ervaar.

Ons gaan op die Whatsapp-groepe kort Pinkster dagstukkies stuur. Vanaf 29 Mei 2022 gaan ons saam deur die eerste drie hoofstukke van die boek Openbaring reis en luister na dit wat die Here vir ons en ons gemeente wil sê. Mag dit ook vir jou 'n baie geseënde ervaring wees en mag jy op 'n besondere manier ervaar hoe die Here met jóú praat.

Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees. Bly in die liefde van God. Vestig steeds julle verwagting op die barmhartigheid van ons Here Jesus Christus wat die ewige lewe aan julle sal gee.

Liefdegroete,

Ds Petro Jonker




**SUCCESS IS NOT FINAL;
FAILURE IS NOT FATAL:
IT IS THE COURAGE TO CONTINUE
THAT COUNTS.**

WINSTON S. CHURCHILL

----- DATUMS VAN BELANG -----

- ♦ **4 Junie:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ♦ **5 Junie:** Pinksterfees: Nagmaal en Pinksteroffer @ 9:00
- ♦ **16 Junie:** Vakansiedag: Jeugdag
- ♦ **17 Junie:** Skoolvakansiedag
- ♦ **19 Junie:** Vadersdag
- ♦ **24 Junie:** Skole Sluit
- ♦ **2 Julie:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ♦ **19 Julie:** Skole Open
- ♦ **6 Aug:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ♦ **8 Aug:** Skoolvakansiedag
- ♦ **9 Aug:** Vakansiedag: Vrouedag
- ♦ **21 Aug:** 40 Dae Reeks begin



ZERO BOOMSLOPING



BOOMSLOPING EN SNOEI
VAN BOME EN STRUIKE
ONS VERSKAF OOK KAGGELHOUT



KONTAK ERNST 083 656 4992

WWW.TREECAREPTA.CO.ZA

TAAKSPAN VIR BARMHARTIGHEID

MootMark & Karwas



Elke Eerste Saterdag van die Maand

09h00 tot 13h00

Stalletjies en Karwas

Navrae 072 120 2952

Die Motorwas projek is 'n werkskeppingsgeleentheid vir werklose mense waartydens hulle 'n inkomste kan verdien.

Pryse: Vol was en suig: R50.00

Was en ry: R35.00

Tesame word daar ook vermaak, stalletjies, musiek en interessante temas elke maand aangebied.

Items wat aangebied word is onder andere:

Eetgoed: Worsbroodjies, Pannekoek, Jaffels, Koeldrank, Koffie/Tee, Gesondheidsbeskuit en koekies en ander tuisgebak

Verskeie stalletjies met handwerk artikels, DVDs, CDs, tweedehandse boeke, potplante en plaaseiers, klere en bybehore en Vlekvrye staal juweliersware

Kom ondersteun gerus hierdie inisiatief!!

OMGEE-BEDIENING

Dit is die bediening wat die **omgeegroep** ondersteun en organiseer.

Omgeegroep is in hierdie gemeente die primêre "voertuig" van bediening en versorging!

☺ As jy oorweeg om by 'n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.

☺ Indien jy kans sien om as 'n omgeegroep-leier opgelei te word kontak ook asb vir Tom.

CHRISTENSKAP IN DIE WERKPLEK

VERANDERING IN JOU LOOPBAAN

- deur David Malherbe

Claudio Ranieri, afrigter van die Leicestersokkerklub, is onverwags afgedank nadat die span in die huidige seisoen nie goed gevaar het nie, ten spyte van die feit dat hulle vorige jaar die Premier-liga gewen het. Alhoewel reeds 65 jaar oud, het Ranieri na sy afdanking gesê, "I lost my dream." Vir baie mense wat om die een of ander rede moet uit- of aftree, gaan daar 'n droom verlore.

Gedurende dieselfde week wat Ranieri sy werk verloor het, het die 37 jarige Dan Vinkerman, voormalige Wallaby-slot, sy eie lewe geneem. Die tipiese moeilike oorgang vanuit die sportwêreld na die lewe daarbuite wat spelers gewoonlik ervaar, was wat Dan die hoof probeer bied het. Sy soeke na antwoorde het hom egter net meer vrae besorg.

Om jou afhanklikheid van God te beseef is volgens Jesus 'n geseënde posisie.

Middeljarekrisis in hulle 30's

Die bekende sportsielkundige, Henning Gericke, sê hy sien telkens hoe hierdie ouens stoei om 'n nuwe lewe te begin. 'My hoogtepunt is verby en ek is nog nie eens 30 nie.' Dit is soos om 'n middeljarekrisis in hulle 30's te ondergaan. Vir baie is dit 'n groot emosionele skok. Voor hulle lê nog 30 jaar se werklewe. Die geld wat hulle na hulle sportloopbaan gaan maak, is waarskynlik ook nie naastenby soveel as voorheen nie, en vereis finansiële aanpassings.

Jongmense op soek na identiteit

Baie jongmense keer na 'n aantal jare in die buiteland na Suid-Afrika terug en beleef 'n soortgelyke niemandsland. In haar boek, *Managing the Quaterlife Crisis*, bespreek Joanne Jowell baie van die uitdagings waarmee hedendaagse jongmense in julle lewe en loopbaan te kampe het.

'n Jong dame beskryf haar ervaring nadat sy klaar studeer het, soos volg: "My identity was always in being a student. After graduating and going into the real world I have come to realise that I do not know where my identity is. I feel lost and at times depressed."

Uittrede en aftrede is 'n groot aanpassing

Aangesien ons identiteit in 'n groot mate ook in ons beroep geanker is ('n plek



om te behoort), is enige uittrede, aftrede of watter verandering ook al, 'n groot aanpassing. As 'n rugbyspeler nie meer rugby speel nie, wie is hy dan? Veral as jou loopbaan soos Dan Vickerman s'n deur 'n besering kortgeknip is, gaan 'n gedeelte van jou droom verlore.

Aftredebeplanning gaan oor meer as net geld

Dieselfde met aftrede. Volgens Jordaan en Heystek in *Beplan so vir 'n Gelukkige Aftrede* gaan die roetine, spertye en gereelde werksure wat jare lank jou lewe oorheers het, iets van die verlede wees. Dit kan jou onseker en rigtingloos laat voel.

Met aftredebeplanning val die klem gewoonlik op finansiële voorsiening. Die baie belangrike vraag wat meestal oor die hoof gesien word, is watter betekenisvolle bydrae gaan jy gedurende die moontlike laaste kwart of meer van jou lewe maak? Frank Pollack het in die video, *The Power of Vision*, gesê: "To stay alive, you need to have something significant yet to do." Jordaan en Heystek sê dat dit nie hier gaan oor aktiwiteite soos stokperdjies of 'besig hou' nie, maar om nuwe lewensdoelwitte te vind.

Veranderinge in die arbeidsmark beïnvloed werksekerheid

Die gewildige veranderinge die afgelope aantal jare in die arbeidsmark het meegebring dat die tradisionele aftrede na 'n loopbaan van veertig jaar by een werkgever deesdae eerder die uitsondering as die reël is. Daar is deesdae baie variasies van uit- en aftrede.

Alhoewel die regering en georganiseerde arbeid poog om aan werksnemers werksekerheid te bied, is die teendeel eerder waar. Kontrakwerk is aan die orde van die dag en selfs senior bestuurders word dikwels vir slegs twee tot vyf jaar gekontrakteer.

Wat staan ons te doen?

Aanvaar wat die prediker sê: "*Elke ding in hierdie wêreld het sy tyd*" en "*God het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd*" (Pred 3:1 & 11). Glo en aanvaar dat dit wat jy gedoen het, se tyd verby is.

Moenie in ontkenning leef en probeer om aan die verlede vas te hou nie, want dan gaan die verlede jou vashou; jy gaan voortdurend besig wees met "wat as?" Doen wat Paulus in Fil 3:13 sê: "*Ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is.*" Omdat ons almal 'n behoefte aan sekuriteit het, is dit moeilik om dit wat lank vir ons sekuriteit gebied het, agter te laat en vorentoe te beweeg.

Niks in hierdie wêreld bied ware sekuriteit nie

Groot onsekerhede in die wêreld laat die goudprys styg. Mense verskuif hulle aardse beleggings na 'n plek wat hopelik meer sekuriteit bied. Die waarheid is egter dat niks in hierdie wêreld ware sekuriteit bied nie.

Kobus Neethling sê in die *Moed om 'n Nuwe Môre te Groet*, baie van ons gee boedel oor uit vrees omdat bekende ankerplekke nou vir ons verlore is. Dit kan ons lamlê. Om egter 'n sprong in die toekoms te waag, verg 'n spesiale sort

moed; moed deur geloof gekweek.

Vrees kom nie van Hom af nie

Onthou, vrees kom nie van die Here af nie: *“Want God het ons nie ‘n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.”* (2 Tim 1:7) Verder sê Jesus in Matt 6:27 & 30: *“Wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng? As God dan nie gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie?”*

Alhoewel ons graag in beheer van ons lewe wil wees, sê Jesus in Matt 5:3 *“Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.”* Om jou afhanklikheid van God te besef is dus volgens Jesus ‘n geseënde posisie.

Laat ons doen soos Salomo in Spreuke 3:5-6 sê: *“Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.”*

Malherbe D. Mei 2017, *Juig! Tydskrif*, Verandering in jou loopbaan,
Volume 9 Uitgawe 4, bl 38 - 39.

“What you are is God’s gift
to you, what you become
is your gift to God.”

—Hans urs von Balthasar



RIETFLUIT ONTSPANNINGSHOEKIE

Tree Valley Academy




WINTER




F P A M O T I U S W O N S Q B S
R X G O Y D S H O V E L Z J N C
Q T L B N K L W R S M A G O U F
V G S R A P E N G U I N W Y H D
I W N T E J G X M Q S B R E O Z
U C E A Y T N D P I O H F K L R
M S I Z G Q A V B A T L X C I J
Y H K C F G W E R N U T P O D G
S J M V L S O D W R X Q E H A N
E N T G K E N B R S F M C N Y I
V L O I N H S I O X J U Q A S D
O F I W P E E R S T O O B M C D
L N X U B S Z J Y P N I H W K E
G I P E T A L O C O H C T O H L
B S C A R F L D R E M Z U N J S
H R E T N I W L X F P G Y S O K



boots	hot chocolate	shovel	snowboard
flurries	icicle	skates	snowman
frozen	igloo	skiing	snowsuit
gloves	mittens	sledding	sweater
hockey	penguin	snow angels	toboggan
holidays	scarf	snowball	winter



www.hiddenpicturepuzzles.com



car
train
bus
helicopter
rocket
plane
bicycle
tractor
truck
balloon



b	i	c	y	c	l	e	h
a	v	a	w	t	b	c	e
l	e	r	o	r	a	b	l
r	c	x	t	h	l	b	i
t	r	u	c	k	l	u	c
r	o	k	g	t	o	s	o
a	c	y	d	i	o	q	p
i	k	u	f	a	n	z	t
n	e	s	p	l	a	n	e
n	t	r	a	c	t	o	r


					8		6
		9					
		6		4	2		
	8		1				
	1					2	
					9	4	
			8	3		1	
						9	
2		5					

	5						7
9			6		1		8
		6		2		1	
	6				2		1
		3				2	
	4		3				5
		4		3		5	
2			4		5		9
	3						6



© Liz Ball

www.hiddenpicturepuzzles.com



DIE BEDUIDENDE ROL VAN 'N VADER

- deur Michelle Strydom (Verkort)

Die nuutste mediese navorsing verbind 87-95% siektes met 'toksiese ingesteldhede' in ons gedagtelewe wat spruit uit die verbrokkeling van verhoudings op die volgende drie vlakke:

1. Die verbrokkeling van jou verhouding met God – bv. 'n onvermoë om Sy liefde te ontvang.
2. Die verbrokkeling van jou verhouding met jouself – bv. 'n lae selfbeeld, skuldgevoel, skaamte, veroordeling en selfhaat.
3. Die verbrokkeling van jou verhouding met ander – bv. haat, bitterheid, onvergewensgesindheid, woede, kritiese gees, foutvindery, jaloesie, afguns en twis.

Die sleutel tot genesing is liefde

Die herstel van 95% van siektes kan plaasvind, indien jy aandag gee aan die toksiese ingesteldhede wat dit veroorsaak. Die genesingsproses behels gevolglik die herstel op hierdie drie gebiede sodat jy gevolglik kan terugkeer na 'n liefdevolle verhouding met God, jouself en ander. Jesus het geantwoord dat die grootste gebod die volgende is: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In hierdie twee gebooe is die hele wet en die profete saamgevat" (Matt 22:36-40).

Jesus het dus gesê: "Dit draai alles daarom om God, jouself en ander lief te hê." Dit is die waarheid, selfs op die gebied van genesing! Want as jy 'n gesonde liefdevolle verhouding met God, jouself en ander handhaaf, sal jy nie enige van die toksiese ingesteldhede herberg wat siekte veroorsaak nie!

Die rol van 'n vader

Net soos 'n glas nie met water uit 'n leë beker gevul kan word nie, kan jy nie liefde gee waaroor jy nie self beskik nie. Jy kan ander nie liefhê sonder om jouself gebalanseerd lief te hê met 'n gesonde selfbeeld wat stewig gegrond is in die kennis van wie jy in Christus is nie. As jy jouself nie liefhet nie, gaan dit vir jou baie moeilik wees om met ander oor die weg te kom. Die probleem met baie huwelike is dat twee mense wat nie weet hoe om hulleself lief te hê nie, probeer om mekaar lief te hê! Jy kan jouself nie liefhê sonder om eers die liefde van God die Vader te ontvang



nie.

‘n Belangrike rol van ‘n vader is om die Vaderhart van God aan sy gesin te weerspieël. Die Here het dit so ontwerp dat ons as kinders ‘n begrip kry van ons verhouding met God die Vader, deur ons verhouding met ons aardse pa. Ons beeld van God die Vader word dus beïnvloed deur ons beeld van ons aardse pa. Dit beteken as ons aardse pa bv. afwesig, liefdeloos of hard is, ons dan ‘n verwronge beeld van God die Vader kan ontwikkel.

Jy is nie alleen nie!

As daar ‘n breuk in jou verhouding met God is omdat jou aardse vader misluk het om Hom te verteenwoordig, mag jy dalk dink jy is die enigste een met hierdie problem. Jy is nie alleen in die leemte, die vrees, die verwerping en die pyn wat so diep in jou lê sedert jou kinderdae nie. Pastore en dokters wat by konferensies wêreldwyd hieroor lering gee, vra dikwels die gehoor hierdie vraag: “Hoeveel van julle kan getuig dat jou aardse vader nooit vir jou gesê het ‘Ek is lief vir jou’ nie? Steek asseblief julle hande op.”

Wat ons byna altyd vind, is dat meer as 90% van die mense in die gehoor hulle hande opsteek. In een gehoor was daar 26 verskillende nasies teenwoordig en 95% van julle het hulle hande opgesteek omdat hulle nog nooit hulle aardse vader dié woorde hoor sê het nie. Dit is ook die geval in kerke wêreldwyd.

Sê dié drie spediale woorde

Daar is ‘n ware verhaal oor ‘n groetekaartjiemaatskappy wat ‘n gevangenis besoek het. Hulle het besluit om die gevangenes op Moedersdag te besoek sodat die gevangenes elkeen ‘n kaartjie aan hulle moeders kon stuur. Soveel van die gevangenes het gereageer dat daar meer kaartjies by die fabriek gehaal moes word om te voldoen aan die groot aanvraag. Weens die sukses van hierdie veldtog het hulle op Vadersdag weer na die gevangenis teruggekeer met kaartjies wat die gevangenes aan hulle vaders kon stuur. Nie een het navore gekom om ‘n Vadersdagkaartjie te neem nie. Baie van hulle het nie ‘n idee gehad wie hulle vader is nie. Dit is ‘n tragedie wat epidemiese afmetings in ons samelewing aangeneem het.

‘n Beroep aan al die vaders

As ‘n mediese dokter wat die beduidende rol van ‘n vader op die gesondheid van sy gesin verstaan, doen ek ‘n beroep op die mans in die Liggaam van Christus om te verseker jou huis is ‘n oase van vrede en ‘n veilige hawe vir jou vrou en kinders. Jou huis moet jou eerste kerk wees. Die huigesein benodig ‘n liefdevolle geestelike leier wat die Vaderhart van God aan sy gesin weerspieël (Ef 5:25; 1 Petrus 5:7).

Strydom M. Junie 2017, Juig! Tydskrif, Die beduidende rol van ‘n vader, Volume 9 Uitgawe 5, bl 42 - 44.



God werk deur jou

Werp al julle bekommernisse op Hom,
want Hy sorg vir julle.

1 Petrus 5:7

Wanneer jou lewe deur vrees beheers word, kan jy nie die vryheid en vreugde beleef wat deel is van hulle wat God liefhet en vertrou nie.

Jy moet die feit in herinnering roep dat jou God groter is as die omstandighede. Neem nou jou angste, vrese en bekommernisse in 'n gees van danksegging en deel hulle met jou genadige Vader. Gee hulle onvoorwaardelik aan Hom oor. Jy sal 'n onbeskryflike gevoel van bevryding ondervind. Die almag van God sal alle kleinlike denke en onsekerheid laat verdwyn.

Die ware grootheid van God word nie alleen geopenbaar in die grootsheid van sy heelal nie, maar ook in sy matelose liefde en bekommernis oor mense soos ek en jy.

U dade is volmaak, Here, en selfs al drink ek van die lydensbeker sal U my nooit verlaat nie. Help my verstaan dat ek by U altyd behoue sal bly. Amen.


Gelukkige Vadersdag - 19 Junie



[Jesus said]: "I'm leaving you well and whole. That's my parting gift to you. Peace. I don't leave you the way you're used to being left—feeling abandoned, bereft. So don't be upset. Don't be distraught."

John 14:27 MSG





The Bible tells
us that Jesus
Christ came to
do three things.
He came to have
my past
forgiven; you get
a purpose for
living and a
home in Heaven.

HERCOTTAGE.COM

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100